

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 12: Vayechi – En Hy Het Geleef.

Ya'akov het sewentien jaar in Mitzrayim gelewe sodat die dae van Ya'akov, die jare van sy lewe, honderd sewe en veertig jaar was. Gen. 47:28¹.

Torah : Gen. 47:28 tot 50:26.

Haftorah: 1 Kon. 2:1 tot 12.

Nuwe Verbond: Luk 1 :33; Luk. 4:31 tot 5:11; Hand. 7:9 tot 16; Hand. 15:17; Heb. 11:21 tot 22; Open. 5:5.

Skriftestudie: Die Verbond en die Torah: Lering 7: Liefde is die Vervulling van Torah

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige vier jaar se notas vir Parashah 12 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Love people for what they are; don't judge them for what they're not!

Perhaps you will forget tomorrow the kind words you say today, but the recipient may cherish them over a lifetime – Dale Carnegie.

If we had no winter, the spring would not be so pleasant: if we did not sometimes taste of adversity, prosperity would not be so welcome – Anne Bradstreet.

Prosperity is only an instrument to be used, not a deity to be worshipped – Calvin Coolidge.

There are two great days in a person's life – the day we are born and the day we discover why – William Barclay.

In three words I can sum up everything I've learned about life: it goes on – Robert Frost.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

In die vorige drie Torahskriflesings het ons van Josef se lewe geleer, ondermeer as 'n sinnebeeld van Yeshua. In hierdie twaalfde parashah (*Vayechi*) neem ons afskeid van Josef en ook van Jakob.

Ons het ook gekom aan die einde van *B'reisheet* (Genesis), die eerste van die vyf boeke van יהוה se Torah, en aan die einde van die geskiedenis van ons voorvaders Abraham, Isak en Jakob. *Sh'mot* (Exodus) is die begin van onderrig van die nageslag van Abraham, naamlik van יהוה se volk Yisra'el. Die laaste vier boeke van die Torah is hoofsaaklik יהוה se liefdevolle onderrig in geregtigheid met voorbeelde van hoekom vertrou in יהוה en gehoorsaamheid aan Torah noodsaaklik is, asook waarskuwings van die gevolge van ongehoor (wantroue) en ongehoorsaamheid.

In *B'reisheet*, wat in die begin beteken, het ons deur die lewe van Abraham, Isak en Jakob geleer hoekom 'n verhouding met יהוה as Skepper-God en as Vader belangrik is, asook hoe so 'n verhouding moet wees. Ons voorvader Abraham is die ewige voorbeeld van 'n lewe van vertrou in יהוה se onverdiende guns en van gehoorsaamheid aan alles wat יהוה beveel het. Hierdie is die fondament waarop 'n verhouding met יהוה gebou moet word. Dit was so in die ou verbond en is steeds so in die nuwe verbond soos wat dit deur Yeshua Messias bevestig is. Hierdie ewige patroon (gietvorm) word deur die volgende teksverse opgesom en bevestig:

Avram het in יהוה vertrou en Hy het hom dít tot onpartydige opregtheid gereken. Gen. 15:6.

Aan Isak het יהוה ook aangaande Abraham gesê:

3 Bly as besoeker in hierdie land en Ek sal by jou wees en jou seën, want aan jou en jou nageslag gee Ek al hierdie koninkryke. Ek sal die eed nakom wat Ek teenoor jou vader, Avraham, gesweer het

4 en Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees

5 omdat Avraham My stem gehoorsaam het en My opdragte, My bevele, My verordeninge en My wette nagekom het. Gen. 26:3-5.

Abraham is daarom die vader van almal wat in Yeshua as Die Gesalfde van God vertrou (Rom. 4:14-16). Hy is ook die aardsvader van die onbesnedene (Rom. 4:11-12).

Abraham was geregverdig (onpartydig en opreg) verklaar op grond van sy vertrou en gehoorsaamheid en sonder dat daar 'n tabernakel, Levitiese priesterorde en offerandes was! Hierdie is die patroon wat in die nuwe verbond herhaal word. In ons verdere studies van die oorblywende vier boeke van Moses, veral met betrekking tot Exodus (*Sh'mot*), is dit uiters belangrik om hierdie feit te onthou!

In Genesis sien ons ook die vestiging van 'n ander baie belangrike patroon wat in die Skrifte herhaal word, naamlik: Die gevolg van ongehoorsaamheid aan Torah is dat יהוה se volk nie meer in die land mag woon wat יהוה gekies het nie. Nadat Adam en Eva gesondig het, het יהוה hulle weggestuur uit die tuin van Eden – uit Sy land (Gen. 3:23). Hierdie is 'n profetiese skadubeeld van wat met die twaalf stamme van Yisra'el sou gebeur.

Volgens Jes. 46:9 en 10 maak יהוה die einde deur die begin bekend. Indien ons dus wil weet wat in die einde van dae gaan gebeur, moet ons leer wat יהוה aan die begin gesê en gedoen het. Dit is een van die baie belangrike redes hoekom ons Torah, die eerste vyf boeke van Moses, bestudeer!

Ons kan *B'reisheet* ondermeer soos volg opsom:

- ❖ **Genesis 1 tot Genesis 11 – Die behoefte vir redding:** ‘n Verduideliking hoekom יהוה deur Yeshua ‘n Koninkryk, soortgelyk as wat in die hemel is, op die aarde wou vestig, en dit aan die einde van die eeue sal vestig waar Hy alleen sal regeer. Dit lê die basis (fondament) vir die res van die Skrifte. יהוה moet ‘n aardse Koninkryk bestaande uit ‘n verlosde (vrygespreekte) volk vestig om namens Hom te regeer. Omrede die mensdom teen יהוה rebelleer en nie homself kan red nie het God voorsiening gemaak vir ‘n genadeplan van vergifnis en versoening. Genesis hoofstukke 1 tot 11 lewer bewys dat die ganse mensdom sedert die begin teen God gerebelleer het.

Ander gelowe aanvaar dat die mens slegs deur goeie dae en godsdienstige rituele ‘hemel’ toe kan gaan. Die Skrifte leer die teenoorgestelde, naamlik dat die mens ‘n middelaar nodig het – iemand wat die mens se skuldias kan oorneem sodat hy onskuldig deur vertrouwe verklaar kan word. Dit leer ook dat in opvolging van die onverdiende guns van versoening moet gehoorsaamheid aan al יהוה se onderrig en instruksies nougeset nagevolg word.

- ❖ **Genesis 12 tot Genesis 50 – יהוה kies Abraham as die begin van Sy volk:** יהוה begin aan die plan om ‘n aardse Koninkryk te bou deur Abraham te kies uit wie se lendene Yisra’el sal ontstaan. Abraham was die eerste Hebreër (Yisra’eliet) en uit sy nageslag, en dus uit die van Isak en Jakob, ontstaan daar ‘n volk wat vrygespreek en uiteindelik met יהוה deur Yeshua versoen sal word. Genetika is nie die bepalende faktor vir wie hierdie volk is nie, maar wel vertrouwe en gehoorsaamheid.

In Genesis het ons geleer van יהוה as Skepper-God, maar Exodus is die begin waar ons יהוה gaan leer ken as Verbondsgod en gaan leer van God se instruksies (onderrig en wysheid) vir ‘n voorspoedige lewe!

Jakob en Josef: Lewenslesse Vir Ons

Een van die belangrike lesse wat ons uit die lewe van Josef geleer het, is sy *dit-sal-ook-ten-goede-meewerk-vertroue* in die Vader. Dit herinner ons aan Paulus se woorde in Rom. 8:28-30.

28 Ons weet dat, vir hulle wat God lief het, Hy hulle in alles help tot die goeie, vir hulle wat Hy afgesonder het om geroep te word.

29 want die wat Hy vooruit geken het, dié het Hy ook vooruit gevorm om te lyk net soos die beeld van Sy Seun sodat Hy die Eersgeborene kan wees onder baie broers

30 en die wat Hy vooruit gevorm het, dié het Hy ook geroep en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook onskuldig verklaar en die wat Hy onskuldig verklaar het, aan dié het Hy ook Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee.

Daarom moet ons vra of ons hierdie tipe vertrouwe het in tye wanneer dit nie gaan volgens ons beplanning (begeerte, behoefte) nie? Onthou: Josef het vir sowat 13 jaar onregverdige behandeling verduur. יהוה het dit toegelaat, want Josef moes voorberei word vir sy roeping. Sien ons teenspoed as ‘n geleentheid om onself te leer ken, onself te verootmoedig en as

voorbereiding vir ons roeping of blameer ons altyd vir Satan? Ons elkeen moet ook by 'n *ground-zero* in ons lewe kom, waar ons beproef gaan word en in die Lig van ons Skepper-God na onself moet kyk! Dikwels is *ground-zero* nie die einde nie, maar juis geleentheid vir 'n nuwe begin!

'n Soortgelyke les leer ons uit Jakob se lewe. Slegs die laaste 17 jaar van Jakob se lewensjare in Egipte was goeie jare. Die ander 130 jaar het Jakob self beskryf as:

Ya'akov het Farao geantwoord: "Die dae van die jare van my verblyf as besoeker is honderd en dertig jaar. Min in getal en vol boosheid was die dae van my lewensjare en hulle het nie die dae van die lewensjare van my vaders, gedurende die dae van hulle verblyf as besoekers, bereik nie." Gen. 47:9

Van hierdie 130 jaar het Jakob sy vader Isak vir bykans 20 jaar nie gesien nie en vir 20 jaar gedink dat sy geliefde Josef dood is. Hy het ook vir die grootste gedeelte van sy lewe in die skadu van Essau geleef en op die grondgebied wat aan sy agterbakse oom, Laban, behoort het. Die laaste 17 jaar het Jakob egter in vrede in Egipte geleef saam met sy kinders en kleinkinders en was hulle as familie versoen gewees. Daarom begin parashah 12 met die woorde: *En hy het geleef.....*

Die getal 17 is ook die numeriese waarde vir die Hebreeuse woord *tov* wat *goed* of *goeie* beteken, byvoorbeeld: *Shavua tov – goeie week!* Slegs Jakob se laaste 17 jaar was goeie jare!!

Soms neem dit 'n leeftyd voor sekere van ons probleme opgelos word; ons gebede verhoor word; ons die begeertes van ons hart ontvang en selfs voordat ons die rol vervul waarvoor Vader ons geroep het. Rom. 1:17, naamlik dat "Die regverdige sal vanuit vertrou lewe," spreek van Jakob se geloofsluwe – een van vertrou tot vertrou!! Dit herinner ons ook aan Heb. 1:1 en 6 waar vertrou beskryf word:

1Vertrou is die oortuiging aangaande daardie dinge wat in versekerde verwagting is, asof dit daardie dinge in aksie is en die openbaring van die dinge wat nie gesien word nie

6 Sonder vertrou kan geen mens Hom tevrede stel nie, want hy wat nader aan God gebring word, is dit verskuldig om te vertrou dat Hy bestaan en die Beloner is van dié wat Hom soek.

In Heb.11:13, 38-40 praat dit van die mense – die "geloofsreuse" – van die ou verbond wat die getuienis van die belofte ontvang het, sonder om dit te verkry het.

13 In vertrou is hulle almal dood, sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit op 'n afstand gesien en hulleself daarin verheug en het erken dat hulle vreemdelinge en nomades op aarde is,

38 Die wêreld was hierdie mense nie waardig nie; hulle was soos rondlopers in verlate plekke, op berge, in grotte en gate in die grond

39 en alhoewel hulle almal getuienis van vertrou gehad het, het hulle die belofte nie ontvang nie

40 omdat God vooruit gesien het om ons te help sodat hulle nie sonder ons die volmaaktheid sou bereik nie.

Die lewensles is om vas te hou aan Vader-God se beloftes al word dit nie in ons leeftyd 'n werklikheid nie!

Soos Jakob kan ons uitroep: “Op U verlossing wag ek, יהוה!” (Gen. 49:18). Die Hebreus vir *verlossing* is *Yeshua*. Jakob het gewag op Yeshua Die Gesalfde Een, die Ware Verlosser. So moet ons met vertroue wagtend bly op die verlossing van ons kinders, die verlossing uit ons probleme en op die wederkoms van Yeshua, naamlik ons ‘finale’ verlossing van hierdie wêreld.

Het ons die vertroue en geduld om wagtend te bly? Josef het met vertroue 13 jaar wagtend gebly op sy verlossing uit die tronk en nog vir vele jare voordat hy met sy broers versoen en met sy pa Jakob vereing was!

Jakob het ook vasgehou aan יהוה se belofte aan Abraham van die Beloofde Land. Hy het geweet dat sy nageslag die Beloofde Land in besit moet neem. Maar Jakob het ook besef dat daar eers versoening en eenheid in sy huishouding moet kom alvorens יהוה se belofde vervul kan word. Jakob het ook besef dat sy nageslag eers “tydelik” in Egipte moes woon volgens יהוה se woorde aan sy oupa Abraham, en dan sal die vierde geslag terugkeer na die Beloofde Land (Gen. 15:16).

יהוה sê vir Avram: “Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in ’n land wat nie aan hulle behoort nie. Hulle sal slawe wees en onderdruk word vir vier honderd jaar lank. Gen. 15:13.

Daarom Jakob se versoek aan Josef om hom nie in Egipte te begrawe nie, maar by sy vaders in Kanaän (Gen. 47:29 tot 31).

Net voor Jakob sterf trek hy sy bene terug op die bed (Gen. 49:33). Wat is die betekenis hiervan? Aanvanklik toe Jakob gehoor het van Josef se dood het hy gesê dat hy treurend na die doderyk (*she’ol* – dorland waar geen siel rus nie) sal neerdaal (Gen. 37:35). Later in Gen. 47:29 tot 33 gebruik Jakob die woord *kever* – die graf en rusplek van die siel na sterwe, daar waar Abraham, Isak en Rebekka begrawe is.

Deur sy voete terug te trek het Jakob simbolies uit Egipte, wat met She’ol vergelyk kan word, getrek – ook simbolies wat met sy nageslag sal gebeur. Dit is ook ’n afbeelding van wat elkeen van ons moet doen. ‘Egipte’ voorsien miskien wel in al ons behoeftes, maar die Vader wil hê ons moet uit ‘Egipte’ kom en gaan na die beloofde land wat Hy vir ons beplan het.

Josef het ook die belofte van die Beloofde Land geglo en daarom ook sy versoek in Gen. 50:24-26.

24 Yosef sê aan sy broers: “Ek is sterwend, maar God sal julle onthou en julle hier uitbring na die land wat Hy aan Avraham, Yitz’gak en Ya’akov met ’n eed belooft het.”

25 Yosef het die seuns van Yisra’el laat sweer en gesê: “God sal julle onthou om julle te besoek en julle sal my bene opdra van hier.”

26 Yosef is dood, honderd en tien jaar oud en hulle het hom gebalsem en in ’n kis gesit in Mitzrayim.

Josef se afskeidswoorde was woorde van troos en bemoediging: “Ek is sterwend, maar God sal julle onthou en julle hier uitbring na die land wat Hy aan Avraham, Yitz’gak en Ya’akov met ’n eed belooft het.” Met hierdie laaste woorde het Josef ook sy broers herinner dat Egipte nie hulle eindbestemming moet wees nie. Hulle verlange en doel moet die Beloofde Land, Kanaän, wees!

Josef tel ook onder die “geloofsreuse” van die ou verbond – manne en vroue van vertroue en gehoorsaamheid:

Deur vertrouwe het Yosef, toe hy sterwend was, gepraat van die uittoeg van die kinders van Yisra'el en opdrag gegee aangaande sy gebeente. Heb. 11:22.

Na die dood van Jakob en Josef was daar geen rede vir יהוה se volk om in Egipte te bly nie. Hulle was vry om terug te keer na Kanaän! Maar wat het hulle verhinder? Voorspoed het die begeerte na die Beloofde Land uitgedoof!

Yisra'el het in Mitzrayim gebly, in die land Goshen en hulle het gebly op grond wat hulle besit het en groei en uitermate vermeerder. Gen. 47:27.

Yisra'el het in Gosen gewoon, 'n baie vrugbare deel van Egipte. Gosen beteken: "om nader te kom". Het Yisra'el gevoel dat hulle "nader aan" die Beloofde Land gekom het? Dit was nie die Beloofde Land nie, maar dit het vir hulle so gevoel!

יהוה sou die omstandighede van Yisra'el moes verander sodat dit 'n verlange by hulle sou wek om uit Egipte verlos te word – 'n verlange na die ware Beloofde Land – soos wat ons in die boek van Exodus sal leer. Onthou: Vader-God kan nie die mens se wil verander nie, maar kan wel omstandighede skep wat die mens se wil kan beïnvloed!

Bepeins of Bespreek

1. Het die Vader nie ook vir ons 'n 'beloofde land' nie? Is ons nie geneig om vas te hou aan 'Egipte' nie, want dit bied vir ons gerief en sekuriteit? Vergeet ons nie soms wat Vader se uiteindelijke wil vir ons is nie, veral in tye wat dit goed gaan?
2. Josef het God se plan en doel vir sy lewe verstaan soos wat sy woorde aan sy broers in Gen. 45:7-8 bevestig. Verstaan jy God se plan en doel vir jou lewe? Kan jy met die volgende saamstem en is dit hoe jou lewe beskryf kan word?

We are here to know and glorify God and bring forth spiritual fruit. We were created to bring glory to God. We were created to honour God. We were created to bring pleasure to God. The problem is that some people live for their own pleasure. God has given each of us something. He has graciously given each of us a life, a time span for us to occupy. Now here's the twist. We don't know what the duration will be. We assume our lives will be long. We plan on it. But we actually don't know how long we will live. That is entirely up to God. And that is why we don't want to put off anything spiritual for another day. We want to take care of it now, because there is no time to waste..... if we fulfil the pleasure for which God created us, which is to know Him and to glorify Him, then we will experience pleasure – not the illicit pleasure this world offers but legitimate, godly, holy pleasure as we walk with God. ("Created for a Purpose" by Greg Laurie).

3. Hoekom het Josef nie na sy vader se huis teruggekeer of sy vader laat weet dat hy nog lewe nie, veral nadat hy as tweede in bevel oor Egipte aangestel was (Gen. 41:40-43)? Met al die outoriteit tot sy beskikking kon Josef dit sekerlik gedoen het?! Het dit enige profetiese betekenis?

Efraim en Manasse Sal Myne Wees

Efraim en Manasse is nie deur Jakob aangeneem nie, nie soos ons aanneming verstaan nie!

⁵ Nou, jou twee seuns, Efrayim en M'nasheh, wat vir jou in Mitzrayim gebore is voordat ek in Mitzrayim na jou toe gekom het, is myne; soos Re'uven en Shim'on sal hulle myne wees,

⁶ maar jou nakomelinge wat jy ná hulle verwek het, sal joune wees. Hulle sal na die naam van hulle broers genoem word in dié se erfdeel. Gen. 48:5-6.

Die gedagte is dat hierdie twee seuns as te ware direk uit Jakob en Lea gebore is! Hierdie het ook profetiese betekenis, naamlik dat Efraim en Manasse die eerste mense buite die uitverkore volk is wat ingeënt word op die natuurlike (mak) olyfboom wat simbolies van Yisra'el is. Dit is soos wat Paulus dit in Romeine hoofstuk 11 verduidelik.

Die betekenis hiervan is dat ons as nie-Jode (vreemdelinge; onbesnedenes) deel van Yisra'el word asof ons direk afstammeling van Abraham, Isak en Jakob is. Ons is nie meer vreemdelinge nie, die muur van skeiding is weggeneem (Ef. 2:11 tot 22). Efraim en Manasse het die geestelike identiteit van hulle broers aangeneem. Hulle het deel van Yisra'el geword en afstand gedoen van hulle afgodery wat deel van die Egiptiese kultuur was!

Bepeins of Bespreek

1. Hoewel Efraim en Manasse een (eensgesind) met Yisra'el geword het, weet ons nie of hulle eenders met Yisra'el geword het nie. Beteken eenheid (eensgesindheid) ook eendersheid? Met ander woorde moet ons almal wat deel van die ware Yisra'el van die nuwe verbond is, almal eenders wees in terme van ons kultuur, kleredrag, ens.? Moet ons soos Jode lyk en deel van hulle kultuur word of behou ons ons eie identiteit en kultuur?
2. In verlede week se Haftorahskriflesing is die eenwording van die twee huise van Yisra'el bespreek, asook wie is die ware Yisra'el volgens die definisie van die nuwe verbond. Soos bespreek, het die eenwording tussen die twee huise van Yisra'el reeds met die folterdood en opstanding van Yeshua plaasgevind en sal dit in die einde van dae voltooi word. En soos ook bespreek, is elkeen wat aan Die Gesalfde Een deur wedergeboorte behoort, die saad van Abraham en dus Yisra'el. Skriftuurlike Yisra'el bestaan dus uit Jode en nie-Jode soos Paulus dit in Efes. 2:11-22 verduidelik.

Maar dit is egter nie hoe Rabbynse Judaïsme dit verstaan nie! Nee, hulle beskou Yisra'el as bestaande uit Jode, naamlik die afstammeling van Jakob en die vreemdeling wat bereid is om ten volle te Judaïseer. Rabbynse Judaïsme beskou iemand wat bely dat Yeshua Die Gesalfde Een van יהוה-God is, nie as deel van Yisra'el nie!!

Nou is die vraag: Aan wie behoort יהוה se land Yisra'el, met ander woorde: wie is die “wettige begunstigdes” volgens profesie? Behoort dit aan gelowiges volgens die Skriftuurlike definisie van Yisra'el of aan Yisra'el (die Jode) volgens Rabbynse Judaïsme se definisie – hulle wat Yeshua as Die Gesalfde Een verwerp? Het jy al hierdie vraag vir jouself gevra? Hierdie is ‘n baie sensitiewe onderwerp en ‘n studie op sy eie! Maar in die eindtye wat ons leef, sal elkeen hieroor duidelikheid moet kry, want dit gaan deel uitmaak van die eindtyd se misleiding!

Haftorah Bespreking

1 Kon. 2:1 tot 12 – Volg in my voetspore!

In beide die Torah- en Haftorahskriflesing lees ons van die afskeidswoorde van twee van Yisra'el se bekende leiersfigure. Jakob het sy twaalf seuns geseën en Dawid gee aan sy seun Salomo, wat hom as koning sou opvolg, die laaste onderrig en instruksies.

Die opskrif van hierdie Haftorahskriflesing kan ook wees: “Die laaste woorde van ‘n sterwende koning”. Die laaste woorde van die sterwende is altyd belangrik!!

Aan Salomo het Dawid ondermeer die volgende gesê:

3 Onderhou die opdragte van יהוה, jou God, deur te loop op Sy paaie, deur Sy wette, Sy opdragte, Sy instellings en Sy getuienisse te gehoorsaam, volgens wat geskryf is in die wet van Moshe sodat jy suksesvol kan wees in alles wat jy doen en waarheen jy ook al draai

4 sodat יהוה Sy beloftes kan uitvoer wat Hy aangaande my gesê het, naamlik: ‘As jou seuns versigtig is op hulle pad deur voor My in waarheid te loop met hulle hele gees en met hulle hele verstand, wil en emosie, sal daar nie vir jou ’n man op die troon van Yisra’el ontbreek nie.’ 1 Kon. 2:3-4.

יהוה se Torah is ons bewaring (beskerming) en ons voorsiening indien ons dit gehoorsaam. Wat Dawid dus vir Salomo in vers 3 sê, naamlik: *Onderhou die opdragte van יהוה*, is om dit te bewaar wat Salomo se bewaring is. Die Hebreeus vir “onderhou” is *sh’mar* en beteken ondermeer om wag te staan by dit wat kosbaar is!

Jakob en Dawid het geloop in die voetspore van Abraham, naamlik die voetspore van vertroue en gehoorsaamheid aan יהוה se onderrig en instruksies. Hierdie is ook die voetspore van Yeshua – dit is יהוה se eie voetspore!! Die voetspore van יהוה drup van vettigheid (Ps. 65:12, AOV).

Om יהוה se opdragte te onderhou is *om te loop op Sy paaie, deur Sy wette, Sy opdragte, Sy instellings en Sy getuienisse te gehoorsaam*, sodat elkeen suksesvol kan wees in alles wat hy doen. Dit word bevestig in Ps. 1:1-3!

- 1** Gelukkig is die man wat nie lewe volgens die raadgewing van die wetsoortreders of staan op die pad van die sondaars of vertoef in die geselskap van spotters nie,
- 2** maar sy vreugde is in die wet van יהוה en hy deurdink Sy wet dag en nag.
- 3** Hy sal wees soos ’n boom wat geplant is by ’n waterstroom, wat sy vrugte gee op hulle tyd, waarvan die blare nie afval nie en alles wat hy doen, is voorspoedig.

Luister ook na Dawid se woorde in Ps. 17:3-5!

- 3** U het my verstand, wil en emosie getoets, my in die nag besoek, U het my getoets en niks onregverdigs in my gevind nie. Niks het uit my mond gekom wat
- 4** volgens die misleidende daade van die mens is nie. Ek het deur die boodskap van U lippe die paaie van die geweldenaar vermy.
- 5** U het my treë vasgehou in U spore sodat my voete nie gegly het nie.

Deur vertroue en gehoorsaamheid sal Vader-God ons treë vashou (bewaar en voorsien) en ons lei op die paaie (in die spore) van onpartydige opregtheid, ter wille van Sy Karakter en Outoriteit (Naam)(Ps. 23:3).

In 1 Kon. 2:5 tot 9 lees ons egter ook verder van Dawid se laaste woorde aan Salomo toe hy hom herinner het aan dit wat Joab, die seun van Seruja, gedoen het deur twee leërowerstes van Yisra’el teen die wil van Dawid te vermoor (1 Kon. 2:5). Verder het Dawid vir Salomo ook daaraan herinner dat Simeï, die seun van Gera vir hom gevloek het met ‘n hewige vloek die dag toe Dawid na Mahanaïm gegaan het (1 Kon. 2:8). Beide Joab en Simeï het Dawid in die skande gesteek en in die openbaar oneer aangedoen. Dawid sê aan Salomo dat hy met wysheid moet optree en beide moet straf.

Maar Dawid sê aan Salomo om egter guns aan die seuns van Barsillai, die Gileadiet te bewys en dat hulle moet wees onder dié wat aan Salomo se tafel eet, want hulle het Dawid bygestaan toe hy vir Absalom gevlug het.

Hoekom het Dawid dan nie self teen Joab en Simeï opgetree nie? Hoekom laat hy dit aan Salomo oor om hulle te straf. Die waarskynlike antwoord is dat Dawid se wil vir Salomo is om in sy vader se Torah-gehoorsame voetspore te stap, maar ook om voort te gaan en te voltooi wat Dawid self nie afgehandel het nie.

Salomo moet die onreg wat aan die koning en koninkryk van Yisra'el gedoen is straf, maar guns bewys aan die wat die koning en koninkryk liefhet soos die seuns van Barsillai. Dawid wou dit by Salomo tuisbring dat hy 'n voortsetting ('n verlenging) van sy vader moet wees. Salomo moet nie net in die voetspore van Dawid stap nie, maar Salomo moet sy eie voetspore agter laat wat identies aan die van Dawid moet wees! Salomo moet die voetspoor van sy vader Dawid word!!

Mag ons laaste woorde aan ons nageslag ook dieselfde inhoud bevat as dié van Dawid aan Salomo.

Bepeins of Bespreek

1. Dawid is 'n sinnebeeld van Yeshua. Wil Yeshua hê dat ons in sy voetspore van Torah-gehoorsamheid moet stap en ons eie voetspore laat wat identies aan die van Yeshua is? Is dit wat bedoel word met Paulus se woorde dat ons gelykvormig aan Yeshua moet word (Rom. 8:29). Is ons die lippe, hande en voete van Yeshua?
2. Kan ons met vrymoedigheid vir ons kinders sê om in ons voetspore te volg en om dit wat ons begin het te voltooi? Is ons voetspore die van Torah-gehoorsamheid? Wat is jou en my se geestelike erflating? Wat is die belangrikste? Jou geestelike- of materiële erflating?

Chazak! Chazak! Ve'nitchazek!

Wees sterk, wees sterk en word versterk!

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Skriftestudie: Die Verbond en die Torah

Lering 7: Liefde is die Vervulling van Torah.

Hersiening

Met ons studie van יהוה se verbond en Sy Torah het ons geleer dat die ou verbond 'n tydperk was waar die mens sy ontrouheid en onvermoë tot gehoorsamheid aan Torah ontdek het, en ook bewus geword het van sy gevangenskap (slawerny) in sonde. Ons het ook geleer dat יהוה se onverdiende guns onder die ou verbond gekoppel was aan die tempel, die Levitiese priesterorde en die voortdurende offerandes. Sonder hierdie "prestasie" deur Yisra'el kon daar geen vergifnis wees nie! Die offerandes kon nie die sonde wegneem nie, maar kon dit slegs bedek (Heb. 10:4, 11). Die voortdurende offers was bewys van Yisra'el se onvermoë om יהוה se Torah in alle opsigte gehoorsam te wees!

Daarom was die ou verbond 'n tydperk waar die verlanse na 'n Verlosser in almal se harte gevestig en lewend gehou was. Dit het 'n verlanse na Die Gesalfde Een gewek wat Yisra'el van die sondejuk sou verlos.

Die belangrike van wat ons ook tot hede aangaande die nuwe verbond geleer het, is dat ons verhouding met יהוה nie prestasie gedrewe is nie, maar wel vertrou en onverdiende guns gedrewe. Al die offers van die ou verbond is in Yeshua, ons Ewige Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzadek, vervul! Yeshua was die eenmalige offer!

24 maar omdat Hy (Yeshua) ewig is, gaan Sy nie-Levitiese Priesterskap nie verby nie
 25 en kan Hy ewige lewe gee aan hulle wat deur Hom naderkom na God toe, want Hy leef vir altyd en offer gebede in ons plek,
 26 want so 'n nie-Levitiese Hoofpriester is ook reg vir ons, rein, sonder boosheid, sonder ontering, wat afgesonderd is van sonde en wat hoër as die hemele opgelig is;
 27 wat nie nodig het, soos die vorige hoofpriesters, om elke dag vir Sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die mense nie, want Hy het dit eenmalig gedoen deur Sy lewe te offer. Heb. 7:24-27

Ons redding en afgesonderdheid (heiligmaking) is alles vertrou en onverdiende guns! Dit is die vertrou dat Vader-God deur Sy Afgesonderde Gees dit sal doen wat uit eie krag weens die sondige vlees, onmoontlik is.

Onder die nuwe verbond is ons dus vry van die skuldslas en van die gewetenslas van ongehoorsaamheid aan יהוה se Torah en ons is vry van die vleeslike pogings om aan יהוה se Torah gehoorsaam te wees. Deur die onverdiende guns in Yeshua kan ons vanuit vertrou lewe (Rom. 1:17) – vertrou dat יהוה weens ons liefde vir Hom en deur die Afgesonderde Gees in ons 'n innerlike verandering sal bewerkstellig wat al die vrug van gehoorsaamheid aan יהוה se Torah van die nuwe verbond sal dra!

Daarom skryf Paulus aan die Galasiërs:

30 'Gooi die slavin en haar seun uit, want die seun van die slavin sal nie saam met die seun van die vry vrou erf nie'.
 31 Ons is daarom, my broers, nie kinders van die slavin nie, maar van die vry vrou. Gal. 4:30-31.

Staan daarom vas in die vryheid waarmee Die Gesalfde Een ons vrygemaak het en moenie weer in die juk van slawerny gejuk word nie. Gal. 5:1

Vertrou en Liefde

Yeshua Die Gesalfde Een, en dus die nuwe verbond, is waarlik die einddoel van יהוה se Torah (van die geskrewe wet van Moses) tot onpartydige opregtheid vir elkeen wat vertrou (Rom. 10:4).

Deur die onverdiende guns van יהוה, soos aan ons in Yeshua bewys is, is ons dus vry onder die Torah, naamlik onskuldig verklaar. Paulus waarsku egter dat hierdie vryheid nie geleentheid vir die vleeslike natuur moet wees nie (Gal. 5:13).

Maar ons almal voer steeds 'n voortdurende stryd met die sondige vlees wat wil doen wat ons weet verkeerd is. Paulus het 'n soortgelyke stryd gehad wat hy in Rom. 7:16-25 soos volg beskryf:

16 As ek enige iets doen wat ek nie wil nie, dan getuig ek dat die geskrewe wet goed is,

17 maar dat dit nie nou ek is wat dit doen nie, maar die sonde wat in my bly,
 18 want ek weet dat in my, dit is in my vlees, die goeie nie bly nie, want dit is maklik vir my om bly te wees oor die goeie, maar ek kan dit nie doen nie,
 19 want die goeie wat ek gekies het om te doen, het ek nie gedoen nie, maar die bose wat ek nie wou doen nie, dit het ek gedoen.
 20 As ek enige iets doen wat ek nie wou nie, dan was dit nie ek wat dit gedoen het nie, maar die sonde wat in my bly.
 21 Ek vind dus 'n wet, wat met my gewete saamstem, wat kies om die goeie te doen omdat die bose naby my is,
 22 want ek verheug my in die wet van God vanuit die innerlike mens,
 23 maar ek sien 'n ander wet in my lede wat oorlog maak teen die wet van my gewete en my gevange hou aan die wet van die sonde wat in my lede is.
 24 Ek is 'n ellendige mens! Wie sal my red uit hierdie liggaam van die dood?
 25 Ek dank God: dit is deur ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een! Ek is daarom nou met my gewete 'n slaaf van God se wet, maar in my vlees 'n slaaf van die wet van die sonde.

Ons voer hierdie stryd tussen wat die vlees wil en wat ons in ons gees weet wat Torah ons leer, omrede ons nog nie volmaak is nie! Maar soos Paulus kan ons ook vra: Wie sal ons red uit hierdie liggaam van die vlees (dood)? Die antwoord: “Ek dank God: dit is deur ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een!”

Paulus bevestig dus dat dit nie ons eie pogings tot gehoorsaamheid moet wees nie, maar ons vertroue in die onverdiende guns van יהוה in Yeshua wat ons van ons sondige vlees sal red sodat ons die vrug van gehoorsaamheid aan יהוה se Torah van die nuwe verbond sal dra! Ons redding en afgesonderdheid (heiligmaking) is alles vertroue en onverdiende guns! Dit berus nie op ons werke (dade) van gehoorsaamheid nie, maar ons liefde vir יהוה en ons vertroue in Sy onverdiende guns deur die werking van die Afgesonderde Gees, sal die vrugte van gehoorsaamheid voortbring!

Daarom herinner Paulus die gemeente in Galasië om nie te poog om onskuldig verklaar te word deur die Torah nie, want dan is hulle afgesny van Yeshua!

4 As jy onskuldig verklaar wil word deur die wet, is jy afgesny van Die Gesalfde Een. Julle het weggeval van die onverdiende guns af,
 5 want ons, deur die seëning van die Gees, wat deur vertroue is, bly in die aktiewe verwagting tot onpartydige opregtheid,
 6 want in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua, is nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige iets, maar vertroue wat deur liefde volmaak gemaak is. Gal. 5:4-6.

Let op Paulus se woorde in vers 6, naamlik “vertroue wat deur liefde volmaak gemaak is”. Die betekenis hiervan kan soos volg verduidelik word: ‘n Dienskneg werk streng volgens sekere vasgestelde voorskrifte waaraan hy moet voldoen. Indien hy aan al die voorskrifte voldoen, word hy daarvolgens beloon. Ware liefde ken egter nie vasgestelde voorskrifte nie, want dit is ywerig om veel meer te doen as wat gespesifiseer word en as wat van ‘n dienskneg vereis word. Deur vertroue in Yeshua is ons nie meer diensknegte nie, maar wel kinders van יהוה en erfgename van God deur Yeshua (Gal. 4:1-7).

Indien ons die volheid van יהוה se onverdiende guns in Yeshua verstaan, dan sal liefde oorneem en sal ons bereid wees om veel meer te doen as wat יהוה se Torah vereis. Dit is vertroue wat deur liefde volmaak geword het. Dan is dit nie meer die letter van die wet nie, maar die Afgesonderde Gees in ons wat ons leermeester en hulp tot gehoorsaamheid word.

Dan is ons Die Gesalfde Een se brief wat nie met ink geskryf is nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die verstand, wil en emosie. Dan is ons bedienaars van die nuwe verbond, nie deur wat geskryf is nie, maar deur die Gees, want die geskrewe woord maak dood, maar die Gees gee lewe (2Kor. 3:2-6).

Deur vertrou in Yeshua as Die Gesalfde van יהוה het ons status van dienskneg na die van 'n bruid verander. Dan leef ons nie meer volgens die voorskrifte van 'n dienskneg, maar volgens liefde wat ons volmaak sal maak soos יהוה Yeshua volmaak is (Matt. 5:48).

Wanneer ons יהוה met ons hele wese liefhet, dan sal ons deur onverdiende guns gered word en deur onverdiende guns afgesonder (geheilig) word. Dit is 'n liefdesverhouding tussen Yeshua as die Bruidegom en ons Sy bruid volgens יהוה se onverdiende guns van wedergeboorte en vulling met die Afgesonderde Gees. 'n Liefdesverhouding wat soos volg beskryf word:

- 4 Liefde is geduldig en sag. Liefde is nie jaloers nie. Liefde word nie omvergewerp nie, is nie opgeblase nie,
- 5 doen nie wat skandelik is nie, soek ook nie sy eie belange nie, word ook nie gou opgewerk nie, hou hom ook nie op met die bose nie,
- 6 verheug hom nie in die bose nie, maar verheug hom in die waarheid;
- 7 hou in alles uit, vertrou alles, het 'n versekerde verwagting in alles, verdra alles.

Vader-God kyk nie of ons Sy Torah volmaak onderhou nie! Nee, want Hy weet dat uit eie krag kan ons nie! Daarom ondersoek Hy ons elkeen se hart om te kyk of ons Hom waarlik liefhet en of ons Hom genoegsaam vertrou dat Hy deur Sy onverdiende guns in Yeshua, en deur die werking van die Afgesonderde Gees, van ons 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde volk sal maak (1Pet. 2:9).

Vader-God se liefde is geduldig en sag, maar Hy vra vir jou en my dieselfde vraag as wat Yeshua vir Petrus gevra het, naamlik: "Het jy My waarlik lief?"

Jou en my redding en eindbestemming is alles onverdiende guns! Ons eie pogings is nutteloos en lewer geen bydrae nie! Al bydrae wat ons kan maak is vertrou en liefde. Daarom is die belangrikste van al die gebooue die liefdesgebod (Matt. 22:36-40):

- 36 "Leermeester, watter bevel is die grootste in die Torah (Instruksies)?"
- 37 Yeshua antwoord hom: "Jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip.
- 38 Dit is die eerste en grootste opdrag
- 39 en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself.
- 40 Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete."

Dit is vertrou tot gehoorsaamheid wat deur liefde volmaak gemaak word! Die volgende uit die pen van Mark Batterson som alles in 'n neutedop op:

Why do we act as though our sin disqualifies us from the grace of God? That is the only thing that qualifies us! Anything else is a self-righteous attempt to earn God's grace. You cannot trust God's grace 99 percent. It's all or nothing. The problem, as I pointed out earlier, is that we want partial credit for our salvation. We want to be one percent of the equation. But if we try to save ourselves, we forfeit the salvation that comes from Jesus Christ alone, by grace through faith.

-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.